

Jou mediese spaarrekening in 2021



Behalwe die Unify- en Prime 2-spaarplanne het lede van Prime 3 (netwerk en nienetwerk) en Elite ook in 2021 'n spaarrekening, wat hulle die voordeel gee van minder uitgawes uit hul eie sak ten opsigte van dag-tot-dag- mediese uitgawes. 'n Spaarrekening bied die gerief van 'n kredietfasiliteit en om ongebruikte fondse na die volgende jaar oor te dra, bykomend tot die gemoedsrus van versekerde dekking.

Lede van Unify en Prime 2 (netwerk en nienetwerk) is reeds vertrou met 'n spaarrekening wat vir spesifieke dienste betaal, en hulle spaarrekening sal op dieselfde manier werk in 2021. Wat nuut is, is dat Elite en Prime 3 se spaarrekening effe anders werk. Hier is 'n paar vrae en antwoorde omtrent jou mediese spaarrekening.

Ek is reeds jare lank lid van Prime 3, hoe sal die spaarrekening tot my voordeel wees?

Eerstens sal 10% van jou ledegeld vir jou spaarrekening gebruik word, en die volle bydrae vir 12 maande sal aan die begin van die jaar vooruit beskikbaar wees as 'n **kredietfasiliteit**. Jou dag-tot-dag-uitgawes soos doktersbesoeke, akute medisyne en aanvullende gesondheidsdienste soos fisioterapie sal eers uit hierdie kredietfasiliteit betaal word en sodra jou spaarrekening opgebruik is, uit jou versekerde dag-tot-dag-voordele. Vir twee mense op Prime 3 sal die kredietfasiliteit op 1 Januarie 2021 dus R6 912 beloop. Indien jy al die geld vir dag-tot-dag-uitgawes gebruik, sal bykomende uitgawes uit jou versekerde dag-tot-dag-voordele betaal word.

Ek het Elite gekies vir die gemoedsrus wat die versekerde voordele bied, selfs al is ek redelik gesond – wat gebeur indien ek nie deur die jaar die hele kredietfasiliteit vir dag-tot-dag-uitgawes gebruik nie?

Enige fondse wat oorbly in jou spaarrekening en wat jy nie deur die jaar vir dag-tot-dag-dienste gebruik nie, word in 'n **kumulatiewe spaarrekening** na die volgende jaar oorgedra. Dit sal in Junie 2022 gebeur, om voorsiening te maak vir die periode waartydens daar steeds eise vir dienste gelewer in 2021 ingedien en betaal kan word. Die fondse wat in jou kumulatiewe spaarrekening akkumuleer, kan dan gebruik word om te betaal vir dag-tot-dag-uitgawes asook uitgawes tydens hospitalisasie, soos bybetalings, indien jy verkies.

Ek wil van Unify na Prime 3 skuif – wat is die verskil tussen Unify se spaarrekening en Prime 3 s'n? En sal ek steeds my spaargeld beskikbaar hê wat ek deur die jare opgebou het?

Jou spaargeld sal oorgedra word na 'n kumulatiewe spaarrekening vir Prime 3 en sal beskikbaar wees om te betaal vir dag-tot-dag-uitgawes of uitgawes tydens hospitalisasie wat nie deur Prime 3 se versekerde voordele gedek word nie. Die verskil is dat jy aan die begin van die jaar 'n **kredietfasiliteit** van 12 maande se spaarrekeningbydraes beskikbaar sal hê en dat dag-tot-dag-uitgawes **EERS** uit hierdie fondse betaal sal word voordat jou versekerde dag-tot-dag-voordele intree.

Op Unify word al jou spaargeld (die kredietfasiliteit asook die geakkumuleerde spaargeld) gebruik om te betaal vir dag-tot-dag-dienste voordat die versekerde voordeel vir konsultasies vir kinders beskikbaar word.

Hoe werk die spaarrekenings in 2021?

Kredietfasiliteit

Dis gelykstaande aan 12 maande se spaarrekeningbydraes (of pro rata-bydraes, indien lede deur die loop van 'n jaar aansluit) en is vooruit aan die begin van die boekjaar beskikbaar.

Geld vir Prime 2, Unify, Prime 3 en Elite

Totale spaarrekening

Dit sluit die kredietfasiliteit en alle spaargeld wat van vorige jare oorgedra is, in.

Geld vir Prime 2 en Unify

Kumulatiewe spaarrekening

Dis die ongebruikte geld in die kredietfasiliteit wat van vorige jare oorgedra is sodra die eise-indieningstydperk verstryk het.

Geld vir Prime 3 en Elite

Wanneer word die spaarrekening gebruik en wanneer die dag-tot-dag-voordele?

In 2021 word kwalifiserende dag-tot-dag-dienste gelewer buite die hospitaal eers uit die spaarrekening betaal. Sodra lede van Prime 2 en Unify die totale spaarrekening opgebruik het, kry hulle 'n spesifieke voordelebedrag vir dag-tot-dag-dienste soos konsultasies en medisyne wat buite die hospitaal nodig word. Lede van Prime 3 en Elite ontvang hierdie spesifieke voordelebedrag sodra hulle die kredietfasiliteit opgebruik het.

Hoe verskil die spaarrekening vir Prime 2 en Unify van die spaarrekening vir Prime 3 en Elite?

Die formaat van die spaarrekening vir Prime 2 en Unify en die manier waarop betalings gemaak word, verskil van dié vir Prime 3 en Elite.

Die belangrikste verskille is soos volg:



Jou dag-tot-dag-voordele vir dienste gelewer buite die hospitaal tree in werking sodra die totale spaarrekening opgebruik is

Jou dag-tot-dag-voordele vir dienste gelewer buite die hospitaal tree in werking sodra die kredietfasiliteit opgebruik is

Fondse wat nie deur die loop van 'n jaar gebruik word nie, word oorgedra na die volgende jaar sodra die indieningstydperk vir eise verstryk het

Fondse in die kredietfasiliteit wat nie deur die loop van 'n jaar gebruik word nie, word na 'n kumulatiewe spaarrekening oorgedra sodra die indieningstydperk vir eise verstryk het

Jy mag dienste gelewer tydens en nie tydens hospitalisasie uit die totale spaarrekening eis, afhangende van jou instruksie op jou aansoekvorm of verwisselingsvorm

Jy mag die volgende kwalifiserende dienste gelewer nie tydens hospitalisasie uit die kredietfasiliteit eis, en sodra dit opgebruik is, tree jou versekerde dag-tot-dag-voordele vir dienste buite die hospitaal gelewer in werking:

Dié dienste sluit in:

- Uitgawes wat die toepaslike tarief oorskry, bv. die skematarief, medisyneprys of Medihelp-tandheelkundetarief;
- Bedrae wat die beskikbare voordele oorskry, bv. die limiet vir konsultasies;
- Bybetalings, bv. op endoskopiese prosedures (nie VMV-dienste nie);
- Dienste wat jou voordele-opsie nie dek nie; en
- Dienste wat gelewer is tydens 'n wagtyperk van 3 maande of 'n toestandspesifieke wagtyperk van 12 maande, indien dit op jou lidmaatskap van toepassing is.

- Dienste deur algemene praktisyne en spesialiste;
- Aanvullende gesondheidsdienste, insluitend fisioterapie;
- Basiese radiologie en patologie; en
- Akute en selfmedikasie.

- Vir Prime 3 word nie-VMV-chroniese medisyne ook uit die kredietfasiliteit en die versekerde dag-tot-dag-voordele betaal, terwyl Elite voorsiening maak vir 'n aparte voordeel vir nie-VMV-chroniese medisyne.

Jy mag dag-tot-dag-dienste gelewer buite die hospitaal uit die kumulatiewe spaarrekening eis sodra die kredietfasiliteit en die versekerde dag-tot-dag-voordele opgebruik is.

Jy mag ook kortbetalings op dienste gelewer tydens hospitalisasie uit die kumulatiewe spaarrekening eis sodra jy fondse in hierdie rekening geakkumuleer het en jy moet vir Medihelp opdrag gee om dit te doen, anders sal kwalifiserende bybetalings outomaties uit jou spaarrekening betaal word.


Hier is 'n paar praktiese voorbeelde:

1

Pieter het in Januarie 2021 van Unify na Prime 3 geskuif. Sy gesin het nie al die spaargeld gebruik nie en het in 2020 R1 000 se ongebruikte fondse plus rente op Unify geakkumuleer, wat nou oorgedra word na hulle **kumulatiewe spaarrekening** op Prime 3. Pieter se gesin het vir 2021 dus R1 000 in hulle **kumulatiewe spaarrekening** beskikbaar plus die **kredietfasiliteit** van R10 000 wat hulle aan die begin van die jaar vooruit ontvang op Prime 3:

Geakkumuleerde spaargeld (spaargeld oorgedra van die vorige jaar) – Unify	Kredietfasiliteit – Prime 3
R1 000	R10 000

Kwalifiserende **dag-tot-dag-dienste nie tydens hospitalisasie gelewer**, word nou eers uit Pieter se Prime 3-**kredietfasiliteit** betaal. Sodra hierdie geld opgebruik is, is die versekerde dag-tot-dag-voordele beskikbaar en sodra hierdie voordele opgebruik is, het hulle steeds R1 000 in die **kumulatiewe spaarrekening** beskikbaar om te betaal vir dag-tot-dag-dienste gelewer nie tydens hospitalisasie. Pieter het ook vir Medihelp opdrag gegee om kwalifiserende kortbetalings op dienste gelewer tydens hospitalisasie uit die **kumulatiewe spaarrekening** te betaal.



2

Jan is 'n nuwe lid van Medihelp wat op Prime 3 ingeskryf is. Jan en sy vrou het aan die begin van die jaar R10 000 in die **kredietfasiliteit** beskikbaar, maar het geen geakkumuleerde spaargeld beskikbaar (soos in Pieter se geval) wat van 'n vorige opsie oorgedra is nie. Sodra die geld in die Prime 3-**kredietfasiliteit** opgebruik is, is die versekerde dag-tot-dag-voordele beskikbaar, maar sodra hierdie voordele opgebruik is, sal Jan alle verdere dag-tot-dag-dienste of dienste gelewer nie tydens hospitalisasie uit sy eie sak moet betaal:




3

Sonet en haar gesin is op Prime 2 ingeskryf en het R2 000 se ongebruikte spaarrekeningfondse plus rente in 2020 geakkumuleer, wat nou na hulle Prime 2-plan vir 2021 oorgedra word. Sonet het vir 2021 dus R2 000 plus die R20 000-kredietfasiliteit in die **totale spaarrekening** beskikbaar vir haar en haar gesin:

Geakkumuleerde spaargeld (spaargeld oorgedra van die vorige jaar) – Prime 2	Kredietfasiliteit – Prime 2
R2 000	R20 000

Kwalifiserende dag-tot-dag-dienste nie tydens hospitalisasie gelewer, word nou uit haar **totale spaarrekening** vir Prime 2 betaal. Sy mag ook vir Medihelp opdrag gegee om **kwalifiserende kortbetalings op dienste gelewer tydens hospitalisasie** uit die **totale spaarrekening** te betaal. Sodra AL die geld in haar **totale spaarrekening** opgebruik is, is die versekerde dag-tot-dag-voordele beskikbaar en sodra hierdie voordele opgebruik is, moet Sonet enige dienste gelewer nie tydens hospitalisasie uit haar eie sak betaal:



Wat beteken al hierdie terme?

Mediese spaarrekening

Met 'n mediese spaarrekening word 'n sekere persentasie (tot 25%) van die maandelikse ledegeld betaal in 'n spaarrekening wat deur Medihelp gehou word en gebruik word om kwalifiserende mediese uitgawes mee te betaal.

Fondse vooruit beskikbaar

'n Kredietfasiliteit gelykstaande aan 12 maande se bydraes tot die spaarrekening is aan die begin van 'n boekjaar beskikbaar. Hierdie kredietfasiliteit gebruik Medihelp se fondse en is vooruit aan jou beskikbaar, maar jy betaal nie rente op die voorskot nie.

Berekening

Die beskikbare bedrag in die mediese spaarrekening word bereken volgens die lid se gesinsamestelling. Indien jy deur die loop van 'n jaar inskryf (dit wil sê nie vanaf 1 Januarie nie) sal die kredietfasiliteit pro rata bereken word volgens die oorblywende aantal maande in die jaar.

Waarvoor dit nie gebruik kan word nie

Jy mag nie jou spaarrekening-fondse gebruik om jou maandelikse ledegeld te betaal of vir voorgeskrewe minimum voordele (VMV) en bybetalings op VMV-dienste te betaal nie.

Verdien rente

Jy verdien rente op 'n kredietsaldo in jou spaarrekening vir die volgende jaar en ons sal die rente maandeliks by jou rekening voeg.

Wat gebeur indien jy na 'n ander opsie of skema skuif?

- Indien jy na 'n ander Medihelp-spaarplan skuif, sal enige beskikbare spaargeld na jou nuwe spaarplan oorgedra word. Indien jou nuwe opsie nie 'n spaarrekening het nie, sal die nuwe kredietbedrag aan jou uitbetaal word nadat die eise-indieningstydperk verstryk het.
- Dieselfde sal gebeur indien jy van 'n ander skema na Medihelp skuif – jou geakkumuleerde spaargeld sal na jou Medihelp-spaarrekening oorgedra word of sal deur jou vorige skema aan jou uitbetaal word indien jy op 'n opsie sonder 'n spaarplan by Medihelp inskryf.
- Jy moet besluit watter dienste Medihelp uit jou spaarrekening moet betaal deur 'n opsie te kies op jou aansoekvorm om lidmaatskap of opsieverwisselvorm.
- Indien jy voor die einde van die boekjaar bedank maar jy het reeds die spaarrekening se kredietfasiliteit gebruik, moet jy die uitstaande balans op die kredietfasiliteit aan Medihelp terugbetaal. Indien jou spaarrekening 'n kredietbalans het, sal die volgende proses gevolg word:
 - Indien jy nie by 'n ander skema aansluit nie, sal ons die kredietbalans in jou spaarrekening aan jou uitbetaal ná vyf maande, sodra die eise-indieningstydperk verstryk het.
 - Indien jy by 'n ander skema aansluit en inskryf op 'n opsie met 'n spaarplan, sal ons die kredietbedrag in jou spaarrekening na jou opsie by die nuwe skema oordra ná vyf maande, sodra die eise-indieningstydperk verstryk het. Indien jy 'n opsie sonder 'n spaarrekening by jou nuwe skema kies, sal ons die kredietbedrag aan jou uitbetaal.
- Indien 'n lid sterf, sal ons die kredietbedrag aan die boedel uitbetaal of dit oordra na die spaarrekening van die wyle lid se afhanklikes wat hulle lidmaatskap van Medihelp voortsit, indien van toepassing.